higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 2

(1011032)

22 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs 'n pen met BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Geboue, grond en damme is voorbeelde van ... kapitaalitems.

A bedryfs-
B roerende
C swewende
D vaste

1.1.2 'n Teken wat jou waarsku oor 'n bepaalde moeilike of gevaarlike toestand wat waarskynlik lewensbedreigend kan wees, word ... genoem.

A 'n vermaning
B gevaar
C stop en verbod
D iets verpligtends

1.1.3 ... is 'n finansiële staat waarop getoon word of die onderneming geld gemaak of 'n verlies gely het.

A Eienaarsbelang
B 'n Balansstaat
C 'n Inkomstestaat
D 'n Kontantvloeistaat

1.1.4 Die mark wat uit lede van die gemeenskap, spazawinkels, smouse en ondernemings bestaan, is 'n ... mark.

A nasionale
B plaaslike
C invoer-
D uitvoer-

1.1.5 'n Boer kan as entrepreneur geklassifiseer word wanneer hy/sy ...

A die nodige risiko's loop terwyl hy/sy werk.
B 'n permanente bestuurder is.
C 'n unieke sakegeleentheid raaksien.
D met natuurlike hulpbronne werk.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Plaaslike boere kom Vrydagoggende by die Modimolle-gemeenskapsmark byeen om hul produkte aan die gemeenskap te verkoop. Hierdie soort bemarkingskanaal staan as ... bekend.

A dorpsbemarking
B plaashekbemarking
C gemeenskaplike bemarking
D varsprodukbemarking

1.1.7 Die soort hulpbronne wat die plaasbestuurder nodig het om toerusting en lewende hawe aan te koop en die plaas doeltreffend te kan bestuur, word ... genoem.

A grond
B kapitaal
C arbeid
D entrepreneurskap

1.1.8 ... hou verband met die relatiewe posisie van die grond van die landskap of die heuwels en die hellings tussen hoë en lae gebiede.

A Plantegroei
B Topografie
C Temperatuur
D Klimaat

1.1.9 Die grondlaag waarin die meeste wortels aktiewe groei toon en wat as die mees produktiewe laag grond beskou word:

A Rotsbodem
B A-horison
C O-horison
D E-horison

1.1.10 Die stelsel waarin gewasse en lewende hawe op dieselfde plaas geïntegreer word, word ... genoem.

A weidingsboerdery
B omgewingsboerdery
C 'n afbraakstelsel
D 'n gemengdeboerderystelsel

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Dit is geensins vir 'n boer nodig om marknavorsing te doen voordat hy/sy besluit om iets te produseer nie.

1.2.2 Risiko is die moontlikheid dat iets onaangenaams of gevaarliks kan gebeur.

1.2.3 'n Verbruiker is iemand wat 'n produk vervaardig, verwerk of verpak of 'n persoon wat, in die loop van die besigheid, 'n produk invoer of verkoop.

1.2.4 Inkomste is dit wat deur middel van boerderybedrywighede gegenereer word.

1.2.5 'n Nuttige lewensduur is die tydsverloop waaroor 'n bate aangewend kan word om geld te genereer.

1.2.6 Koste sluit alle masjinerie, geboue en gereedskap in wat in die produksieproses gebruik word.

1.2.7 Belasting is geld wat aan die regering betaal word om die dienste wat die regering aan die inwoners van die land voorsien, te finansier.

1.2.8 'n Begroting is 'n geskrewe plan vir toekomstige optrede wat in fisiese en finansiële hoeveelhede uitgedruk word.

1.2.9 'n Bergingsrisiko-assessering word gebruik om die beweging van voorraad uit die pakkamer op te teken.

1.2.10 Herwinningswaarde is die aanvangsprys plus enige bykomende uitgawes wat aangegaan word om die bate operasioneel te maak.

(10 × 1) (10)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Mark-... vind plaas wanneer die vraag na 'n produk gelyk is aan die aanbod daarvan.

1.3.2 ... is die raming van die waarde van 'n bate ten tyde van die verkoop daarvan.

1.3.3 ... is 'n soort kapitaal wat vir produksie vir 'n tydperk van tussen een maand en 'n jaar aangewend word.

Kopiereg voorbehou

1.3.4 Die afname in waarde van masjinerie en toerusting op die plaas staan as ... bekend.

1.3.5 'n ... is die boek wat 'n bank aan jou gee, waarop jy die bank opdrag kan gee om geld uit jou rekening aan ander te betaal.

1.3.6 Die proses waarvolgens geld in 'n bankrekening geplaas word, word ... genoem.

1.3.7 ...-inkomste word as 'n standaard gebruik aan die hand waarvan die winsgewendheid van 'n boerderyonderneming gemeet kan word.

1.3.8 ... is die proses waarvolgens insette in uitsette omgesit word, wat uiteindelik kontant word.

1.3.9 ... is die hoeveelheid goedere wat produsente bereid is om teen 'n bepaalde prys te verkoop.

1.3.10 ...-bates is duursame artikels wat 'n nuttige lewensduur van meer as een jaar het, byvoorbeeld teeltvee, masjinerie, en so meer.

(10 × 1) (10)

TOTAAL VIR AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Gee VIER redes dat daar finansiële rekords in 'n boerderyonderneming gehou moet word. (4)

2.2 Noem VIER doelwitte wat 'n boer graag wil bereik wanneer hy/sy met 'n boerderyonderneming begin. (4)

2.3 Voltooi Masetla Farming Enterprise se kontantvloeistaat van Julie tot Oktober 2017. Skryf SLEGS die korrekte antwoord langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.12) in jou ANTWOORDBOEK neer.

	Julie	**Augustus**	**September**	**Oktober**
KONTANT ONTVANG				
Mielies				
Groente	R10 000		**(2.3.7)**	
Lewende hawe	R8 000	R8 000	R5 000	R6 000
Sitrusvrugte	R3 000	R3 000	R2 000	**(2.3.10)**
Ander inkomste	**(2.3.1)**		R4 000	R4 000
	R2 000	R3 000	R3 000	R4 500
TOTALE BESKIKBARE KONTANT	R25 000	**(2.3.4)**	R17 500	R18 000
KONTANTBETALINGS				
Brandstof	**(2.3.2)**	**(2.3.5)**	R1 000	R1 500
Kunsmis	R6 500	R6 600	R6 900	R7 700
Vervoer	R2 000	R1 500	**(2.3.8)**	R1 200
Inkomstebelasting	R2 000	R1 700	R1 400	R1 600
Bemarkingskoste	R850	R950	R1 000	R1 200
Saad	R1 000		R1 200	R950
Veeartsrekening	R900		R850	
TOTALE KONTANTBETALINGS	R20 000	R13 000	R16 000	**(2.3.11)**
BANKSALDO (einde van maand)	**(2.3.3)**	**(2.3. 6)**	**(2.3.9)**	**(2.3.12)**

(12)
[20]

VRAAG 3

Die transaksies hier onder toon Malivha Farming Enterprise se ontvangste en betalings vir Desember 2017.

Stel 'n inkomstestaat vir Malivha Farming Enterprise aan die hand van die inligting hier onder op.

Aankoop van bokse	R2 300,00
Verkoop van ou masjinerie	R8 000,00
Bemarkingskoste	R1 200,00
Telefoonrekening	R2 600,00
Inkomstebelasting	R5 900,00
Water en elektrisiteit	R12 500,00
Vervoer	R6 300,00
Herstelwerk aan masjinerie	R7 000,00
Kunsmis	R1 300,00
Verkoop van patats	R7 500,00
Eierverkope	R20 000,00
Saad	R3 000,00
Brandstof en smeermiddels	R9 000,00
Braaihoenderverkope	R36 600,00
Lone en salarisse	R8 500,00
Veeartsrekening	R1500,00
Verkoop van spinasie	R8 000,00

[20]

VRAAG 4

4.1 Trek die tabel hier onder oor en dui aan of die boer of die regering verantwoordelik is daarvoor om die genoemde infrastruktuur te voorsien.

INFRASTRUKTUUR	BOER	REGERING
4.1.1 Pakkamer		
4.1.2 Plaaspaaie		
4.1.3 Kraglyne		
4.1.4 Nasionale paaie		
4.1.5 Besproeiing-stelsels		
4.1.6 Telefoonlyne		
4.1.7 Spoorweglyne		
4.1.8 Plaasdamme		
4.1.9 Koelkamers		
4.1.10 Windpompe		

(10)

4.2 Mothupi is 'n kleinboer wat braaihoenders produseer en dit dan aan 'n plaaslike mark verkoop.

Noem VYF maniere waarop Mothupi waarde tot sy braaihoenders kan toevoeg. (5)

4.3 Dui VYF natuurlike faktore aan wat 'n boer in aanmerking moet neem wanneer hy/sy die ligging van 'n plaas kies. (5)

4.4 Boer → Dorpstalletjie → Verbruiker

4.4.1 Watter soort verspreidingskanaal word in VRAAG 4.4 aangedui? (1)

4.4.2 Dui DRIE voordele aan wat verbonde is aan die verspreidings-kanaal wat in VRAAG 4.4.1 genoem is. (3 × 2) (6)

4.5 Dui DRIE veiligheidsmaatreëls aan wat jy moet tref voordat jy groente met 'n plaagdoder bespuit. (3)

[30]

TOTAAL VIR AFDELING B: 70

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 Definieer die term *grootboek*. (1)

5.2 Kleinkas word gebruik om klein betalings te maak.

Verduidelik kortliks DRIE prosedures wat vir die veilige bewaring van die kleinkas aanbeveel word. (3 × 2) (6)

5.3 'n Gemengde boerdery is die boerderystelsel waarin die produksie van lewende hawe en gewasse op dieselfde plaas geïntegreer word.

Verduidelik VIER redes dat jy hierdie soort boerdery vir 'n opkomende boer sal aanbeveel. (4)

5.4 Ngwato het kapitaal nodig om sy pluimveeplaas te begin.

5.4.1 Noem DRIE soorte kapitaal wat hy kan nodig kry om sy pluimvee-plaas te vestig. (3)

5.4.2 Verduidelik die DRIE soorte kapitaal wat in VRAAG 5.4.1 hier bo genoem word. (6)

[20]

VRAAG 6

6.1 Daar is twee basiese rekeningkundige metodes wat vir kleinsake-ondernemings beskikbaar is.

6.1.1 Noem die TWEE basiese rekeningkundige metodes. (2)

6.1.2 Differensieer tussen die TWEE rekeningkundige metodes wat in VRAAG 6.1.1 genoem word. (4)

6.2 Bespreek die DRIE stappe om 'n inventaris te ontwikkel. (3 × 2) (6)

6.3 Noem DRIE voorbeelde van bronne wat vir finansiële rekordhouding vereis word. (3)

6.4 Een van die belangrikste hulpbronne wat elke boer vir 'n effektiewe boerderybedryf benodig, is om basiese infrastruktuur op die plaas te hê.

Noem SES soorte basiese infrastruktuur wat die plaasbestuurder moet verseker wel beskikbaar is ten einde 'n suksesvolle uie- en beetonderneming te kan bedryf. (6)

6.5 'n Deurdagte finansiële plan is die belangrikste dokument wat benodig word voordat 'n entrepreneur 'n lening by die bank kan verkry.

Noem die DRIE finansiële state wat by 'n gebalanseerde finansiële plan ingesluit moet word. (3)

Kopiereg voorbehou

6.6 Die volgende is 'n voorbeeld van 'n werksplan op 'n plaas wat uie produseer.

Bestudeer die tabel en stel dan 'n kort posbeskrywing vir Martha op.

Take wat verrig moet word	**Persoon (persone) verantwoordelik**
Voorbereiding van saadbeddings	Joyce
Plant van saad	Martha
Verwydering van onkruid en natlei	Lucky
Voorbereiding van die lande	Joyce
Oorplanting van saailinge	Martha
Verwydering van onkruid en natlei	Lucky
Oestery	Martha en Joyce
Verpakking	Martha

(4)

6.7 Definieer die term *boer*. (2)

[30]

TOTAAL VIR AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou